# ANNUAL REPORT OF THE PRESIDENT/ JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT

**P. Waanders**
*October/Oktober 1987*

If one examines the activities of the Council during the year one has to admit that it was characterised by a stormy beginning. The Branches all had the task to reflect on the role of the Institute as put forward by Dr. Bertie van Zyl. Divergent opinions were expressed many with a strong political overtone, amongst others, comprehensive recommendations for organizational change within the Institute. The standpoint of the Institute, however, has been not to become involved in party political issues but rather to be involved in the area of change in South Africa that is directly related to physical planning, the area of our expertise.

The Council has reacted in a responsible manner and has attempted to hear all sides by establishing a committee comprised of branch representatives. The result of this has been certain recommendations accepted in principle by the Council. They include the following:

1. Objectives and responsibilities of the Institute.
   (a) Learned Society.
   (b) Promote the art and science of Town and Regional Planning.
2. Ethical code of conduct.
   Amend and expand.
3. Stance of the Institute on Current Issues.
   Greater autonomy for branches to express their views on local issues.
4. Structure of the Institute.
   (a) Retain central structure (elected and branch representation).
   (b) Each branch to devise its own structure.
   (c) Each branch to adapt its constitution to match its local structure.
   (d) Encourage broadening membership base (i.e. associate members).

The Branches are currently preparing reports as to how they specifically intend to handle the above issues.

Several interesting proposals have been put forward but as it involves comprehensive amendments to certain rules it becomes an ongoing process that cannot be achieved all at once.

Die jaar 1987 is gekenmerk deur administratiewe en konstitusionele wysiging in die land en dit het ook deurgewerk na die professie as sulks. Die eerste ronde van wysigings van die statute en reëls is afgehandel, maar soos almal weet is daar nie 'n einde van wysigings om vir beswaardes voorsiening te maak nie. Die volgende ronde word juis weer aan die Algemene Vergadering vir oorweging voorgelê. Die strewe na devolusie en delegasie vind ook aanklank in die professie en word daar reeds weer gekyk na die verdere uitbouing van die funksie van die takke sodat takke meer outonoom kan word sonder om die *eenheidsgevoel* in die professie oor Stads- en Streekbeplanningsbeginsels prys te gee. Indringende aandag is ook gedurende die jaar gegee aan die aanbevelings van die 1985 konvensie en Dr. van Zyl se idees wat tydens die vorige jaarvergadering gelug is oor die rol van die Instituut veral die funksie wat dit het langs die Statutêre Raad. Twee fundamentele wysigings tot die statute en die reëls het dié jaar in werking getree wat in noue verband staan met dít wat verlede jaar bepleit is nl. die koppeling tussen die statutêre Raad se toelatingsvereistes met dié van die Instituut. Basies is daar nou ooreenstemming tussen dié twee instellings se vereistes. Belangriker nog is die verbreding van die opdrag aan die Instituut nl. die bevordering van die kuns en die wetenskap van Stads- en Streekbeplanning en Stadsontwerp. Die Instituut het sy deure oopgemaak deur voorsiening te maak vir nie-beplanners om as Assosiate van die Instituut verkies te word. Die Instituut is op soek na die Stadsontwerpers, die ekoloë, die streekekonome, geograwe, ingenieurs, bourekenaars, argitekte, landskapargitekte en almal wat 'n bydrae tot die kuns en die wetenskap van Stads- en Streekbeplanning kan maak. Sulke persone is tot nog toe nog nie aan die Raad voorgestel nie en 'n beroep word op lede gedoen om sulke voorstelle te maak. Deur met hierdie kundiges op ander vlakke kennis te maak sal dit die visie van die beplanner verbreed, maar belangriker nog, dit sal daardie beroepsklasse ook 'n kykie gee in ander dissiplines en aan hulle bepaalde insigte in die denkpatrone van 'n beplanner gee. Onmiddellik sal die ingenieur of die landmeter besef welke kundigheid die grondgebruikbeplanner kan bied en sal daardie dienste al meer in aanvraag kom.

Dit bring my by die tweede punt nl. die gebrek aan betrokkenheid by Stads- en Streekbeplanners in sake waaruit hulle nie direkte materiële voordeel trek nie. Dit is verbasend om te sien hoe beplanners hulle besig hou met hulle dag se brood-en-botter aansoeke dat dit soms lyk of hulle nie meer verby die straatuitleg of 'n wysigingskema kan kyk nie. Stads- en Streekbeplanning gaan tog veel wyer as die tegniek om uitlegte te doen en om hoogtes en dekking te bereken. Dit gaan ook om die toekoms van ons land. In die deurblaai van die bronverwysings in talle verslae van Kommissies van Ondersoeke of Presidentsraadsverslae is dit opvallend hoe die ander omgewingsprofessies kommentaar gelewer het of bydraes gemaak het terwyl die Stads- en Streekbeplanner heeltemal ontbreek. Onwillekeurig dink mens dat beplanners nie eers bewus is van aanbevelings wat direk op hulle van toepassing is nie. Hoeveel beplanners doen die moeite om die verslae te bekom of deur te werk om vas te stel welke aanbevelings 'n direkte invloed op die beplanner se werk het. Mens verwag tenminste dat beplanners sal kennis dra van aanbevelings indien hulle dan nie self bydraes gemaak het nie. Die Raad het tog binne sy vermoë gepoog om bepaalde bydraes te lewer deur middel van kommentaar van individuele Raadslede.

Uit die Presidentsraadverslae blyk dit duidelik dat die Stads- en Streekbeplanner bepaalde opdragte gekry het wat aandag moet kry en die professie behoort daardie opdragte pro-aktief opneem eerder as om net reaktief op te tree. In die verslae oor Natuurbewaring en die Prioriteite by Ontwikkeling en Bewaring word die take van die beplanner uitgespel. Uit die aard van die saak is die verslag oor die Verstedeliking tesame met die verslag oor Demografiese tendense van uiterste belang vir die beplanner. Die Witskrif oor die Bevol-

kingsontwikkelingsprogram stel hoofsaaklik prioriteite wat deur die welsynsprofessies bereik moet word, maar die elemente van Stads- en Streekbeplanningsbelang is die moeite werd om op te volg. Die Witskrif op Verstedeliking spel heelwat werk uit vir die beplanner en dit is belangrik dat die aanbevelings in sy geheel verstaan en uitgevoer word. Dit word besef dat die Witskrif teenstrydighede bevat indien aanbevelings of paragrawe in isolasie van mekaar gelees word en in aansoeke wat ingedien word, word gevind dat applikante die paragraaf uit haal wat sy aansoek pas eerder as om die verslag in sy volle konteks te lees.

Die mees onlangse verslag van die Presidentsraad wat die Groepsgebied aanspreek het 'n baie ernstige implikasie vir fisiese beplanning in Suid-Afrika deurdat die aanbevelings gemaak word dat die dorpbeplanningskema aangewend moet word as die dokument wat die groepsokkupasie moet aandui saam met die grondgebruik. Die Instituut moet hom hieroor uitspreek aangesien die beplanner kan vind dat hy skielik in die hele politieke arena ingetrek word.

Presidentsraadverslae, Witskrifte en Wetgewing waarin die beplanners nie pertinent genoem is nie, maar waarvan beplanners kennis moet neem sluit in die Strategie vir die Ontwikkeling van Kleinsake en vir Deregulering tesame met die Strategie vir werkskepping en arbeidsintenwiewe ontwikkeling, die Witskrifte oor deregulering, nywerheidsvestiging en die Nasionale beleid in sake Omgewingsbewaring. Die Witskrif oor die Vervoerbeleid is van besondere belang omdat dit aanleiding gegee het tot 'n reeks nuwe wetsontwerpe wat 'n wesenlike invloed op die stad gaan hê. Huidiglik word die desentralisasiebeleid weer ondersoek en geëvalueer en is belangstellendes gevra om voor die einde van Oktober bydraes te lewer aan die Ontwikkelingsbank van Suider Afrika wat die evaluasie koördineer. Daar moet gewaak word teen die suiwer ekonomiese evaluasie en moet aspekte van streek- en nasionale ontwikkeling ook aangespreek word. Slegs insette van die professie gaan die Ontwikkelingsbank bewus maak van die ander aspekte as bloot die ekonomiese.

Op 'n meer positiewe noot kan gerapporteer word dat die owerheid die Instituut steeds meer erken as synde die mondstuk van die georganiseerde beplanningsprofessie. Ten opsigte van aanstellingsvereistes word die insette van die Instituut gewaardeer en het die bedeling vir Stads- en Streekbeplanners in die staatsdiens sodanig verbeter dat dit nou dalk moontlik is om personeelwerwing te kan doen. Verder is die Instituut genader om insette te lewer ten opsigte van die identifisering van grond vir dorpsontwikkeling vir veral die Swartbevolkingsgroep in die P.W.V. Die Departement het slegs raadgewende firmas oorweeg wat op die lys van konsultante verskyn en het dit as 'n voorwaarde van aanstelling gestel. Die Instituut het ook gedurende die jaar aangesluit by die Raad van Beplanningsprofessies wat op hoë vlak gesprekke met die owerheid voer en na wie geluister word.

Die tema is dus dat die beleidmakers in die land graag na die beplanners wil luister en dat die beplanners hierdie inisiatief moet aangryp en aan die gesprek moet deelneem – nie net om kritiek te lewer nie maar ook om positiewe, weldeurdagte alternatiewe te stel.

"Laat dit ons erns wees."